# 5. SAALOPENING: Jy is Spesiaal

## Inleiding:

Ons gaan vanoggend gou ‘n kenmekaar speletjie speel. Soos ek die vraag vra steek julle jul hande op.

1. Wie van julle se name is ………………………..
2. Wie het al ‘n arm gebreek?
3. Wie het al ‘n been gebreek?
4. Wie het merke op hulle bene waar hulle geval het?
5. Wie het merke op hulle arms waar hulle geval het?
6. Wie kan nog hardloop al het hulle merke op hulle bene?
7. Wie kan nog hulle arms gebruik al het hulle merke op hulle arms?

## Illustrasie:

Neem ‘n R10 noot saam, en vra vir die kinders wie wil dit hê. Frommel die R10 nou op, en vra vir hulle wie wil dit nou hê. Gooi die R10 op die grond en trap daarop, vra wie van hulle wil dit nogsteeds hê?

Kom ek vertel vir julle ‘n storie om alles wat ons nou gedoen en gevra het te verduidelik.

## Storie: Jy is Spesiaal

Hierdie is die verhaal van 'n bekende spreker wat 'n seminaar aangebied het. Hy het 'n R50 vir die gehoor opgehou, en gevra wie dit wil hê, natuurlik wou almal dit hê! Daarna het hy dit opgefrommel, daarop getrap en dit regtig 'verniel', maar steeds wou almal die R50 hê, want die waarde daarvan het nooit verminder bloot omdat dit vuil en gefrommel was nie.

Dieselfde is waar van ons, maak nie saak waardeur jy is, of watter letsels jy het nie, dit bepaal of verminder nie jou waarde nie. Jy bly spesiaal.

## Toepassing:

Die merke aan jou arms of bene maak nie dat jy dit nie meer kan gebruik nie. Die feit dat die R10 gefrommel en op getrap is maak nie dat dit nie meer gebruik kan word, en jy nie meer iets daarmee kan koop nie.

Baie van julle is deur moeilike goed, en jy voel stukkend en seer binne, maar dit maak jou nie minder spesiaal as die een wat nie deur dit is nie.

Die Here kom gee vir ons ‘n wonderlike belofte in die Bybel in Matteus 12:20 "'n Riet wat geknak is, sal Hy nie afbreek nie en 'n lamppit wat rook, nie uitdoof nie"

Wat Hy vanoggend vir jou hierdeur wil kom sê is dat al jou seerplekke en merke binne en buite jou nie minder werd of spesiaal maak as die een wat dit nie het nie. Die waarde, en wie jy is, en waarvoor Hy jou kan gebruik is presies dieselfde as die een wat nog sonder seerplekke en merke is.

Die feit is dat êrens langs die pad in die ou lewe ons ALMAL seerkry, en kom daar merke op ALMAL van ons, maar jy is nogsteeds spesiaal, en het nog steeds baie waarde, en kan nogsteeds deur God vir GROOT goed gebruik word!!

**SLUIT AF MET GEBED**